# DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

## Deel 3 – Geredde Mense is Gestuurde Mense

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle ŉ sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Is jy 'n persoon wat gereeld jou sleutels soek of is jy die persoon wat altyd weet waar jy dit gebêre het?**
- **Wanneer het jy Jesus begin volg? Hoe het dit gebeur? Vertel jou groep daarvan.**
- **Wat dink jy is die verskillende dinge wat mense najaag in hierdie lewe? Watter opsies bied die wêreld om vervulling te bring?**
- **Hoe gemaklik is jy om jou getuienis met ander mense te deel? Verduidelik.**

**Lees deur Romeine 3:10-12, 23 en Efesiërs 2:3, en beantwoord die volgende vrae:**

- **Wat dink jy beteken hierdie verse?**
- **Wat was die oplossing vir almal se sonde volgens 1 Johannes 2:2?**
- **Wat dink jy beteken dit om verlore te wees? Dink jy die wêreld besef hulle toestand? Verduidelik.**
- **Wat dink jy is die gevaar as ons as Christene vergeet dat mense verlore is sonder Jesus?**

**Lees deur Lukas 15:1-24 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoekom dink jy was dit die gewoonte van sondaars en tollenaars om na Jesus te kom luister?**
- **Wat is die reaksie in elkeen van hierdie stories as dit wat verlore was, gevind is? Wat is die reaksie in die hemel oor 'n verlore persoon wat gered word?**
- **Hoe stem hierdie reaksies ooreen met jou reaksie as mense tot bekering kom? Verduidelik.**
- **Lees Lukas 19:10 en Johannes 20:21. As jy na jou lewe kyk, stem dit ooreen met hierdie missie van Jesus? Verduidelik.**

**Lees 2 Korintiërs 5:14-21 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Sou jy sê die liefde van Christus dring jou om uit te reik na verlore mense? Verduidelik.**
- **Wat beteken dit dat Jesus aan ons die bediening van versoening gegee het? Hoeveel keer word dit in hierdie stuk herhaal? Hoekom dink jy word dit so baie herhaal in hierdie gedeelte?**
- **Lees weer vers 16. Sou jy jouself beskryf as iemand wat meer na mense deur 'n geestelike lewe lens kyk (hulle is op pad hemel of hel toe) of eerder 'n fisiese lens (wat hulle doen, sê en hoe hulle lyk)?**
- **Wat kan verander as ons alle mense, met wie ons te doen kry, evalueer deur net na hulle geestelike toestand te kyk?**

---

---

---

- **Wie is jou EEN MEER? Bid jy nog vir jou EEN MEER?**
- **Wat is jou IETS wat jy kan doen? Waar is jou IEWERS waarvoor jy bid?**
- **Hoe kan julle as groep hierdie week saam bid vir almal se EEN MEER?**
- **Hoe kan jy hierdie week uitreik na iemand in jou wêreld?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**